
# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

## Info 2 Februarie 2024

Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za



## Van die skoolhoof

**Standvastigheid in die vrees van die Here is wysheid**

Spreuke 1:8 sê "my seun…" opgevolg met 'n positiewe opdrag. Die bevel van die Here is om te LUISTER. Hierdie gehoorsaamheid maak mooi, dit is 'n lieflike krans. Vers 10 volg dit op met goeie raad.

- Waak oor jou ore!
- Moenie na sondaars luister nie.
- Ignoreer en vermy hulle

Dit sluit so mooi aan by Psalm 1, die Psalm wat ons elke dag op GSDP se mooi wapen mag sien. Mag dit ons elkeen aanmoedig om standvastig en gehoorsaam te wandel in die raad van die HERE.

Ds Kosie Henning het afgelope Maandag mooi vir die laer-skoolkinders verduidelik dat mense wat hierin wandel welge-luksalig is. So 'n mooi woord, dit is nie net sommer 'n kort-stondige gelukkige gevoel nie, nee, dit het te doen met ons ewige geluk in die Here.

Ouers en onderwysers is hier sy aan sy besig om die kinders, groot en klein, voortdurend te onderrig. Dit is nie altyd 'n maklike taak nie, laat ons daarom nie versuim om die raad van die HERE voortdurend te gaan soek nie.

Die afgelope twee weke was vol groot hoogtepunte: atletiek, groentjiekonsert, slypskool vir redenaars, kooroefening en vele meer. Daar word waarlik soveel wonderlike geleenthede vir die kinders aangebied! Natuurlik is die akademie een van die belangrikste elemente van die skool, en tussendeur die geklank van die sing van Psalms hoor ek Wiskunde, Afrikaans en Engels.

Wat 'n absolute voorreg om in hierdie besondere grondgebied te arbei, hier waar ons kinders se wortels stewig anker by waterstrome, waar hulle op hul tyd aangespoor word om vrug te mag dra.

Vriendelike groete
Mev Saskia Meijer

## Beplanner

**2/02/2024 - 15/02/2024**

### 2 Februarie
- GSDP | Info

### 5 Februarie
- LAERSKOOL | Interne redenaars

### 9 Februarie
- HOëRSKOOL | Atletiek te Maragon
- LAERSKOOL | Verk Gr 7-afskeid

### 12 Februarie
- VERJAARSDAG | Mej Jokie Boshoff
- LAERSKOOL | Toetsreeks begin

### 15 Februarie
- HOëRSKOOL | Toetsreeks begin

### 16 Februarie
- GSDP | Info

### 17 Februarie
- KLEUTERSKOOL | ICO-Atletiek
- LAERSKOOL | ICO-Atletiek

### 18 Februarie
- VERJAARSDAG | Mev M Harenberg

### 20 Februarie
- VERJAARSDAG | Mej A Bouwmeester

### 22 Februarie
- KLEUTERSKOOL | Kuieraand

### 23 Februarie
- LAERSKOOL | Verk Veldskool 2024

# Kleuterskool




**KLEUTER- EN BABA-ATLETIEKDAG:**

| | |
|---|---|
| Datum: | 2 Maart |
| Plek: | Laerskool Totiusdal |
| Tyd: | 07:30 |
| Aangebied deur: | Kinderkinetika |

# Laerskool

**KOOR:** Die "bestaande" koorlede oefen op Maande vir hul optrede van 16 Maart. Hulle het reeds 'n skrywe hieromtrent ontvang.

**JUKSKEI:** Die leerlinge oefen op Woensdagmiddag (14:00 - 15:00) en Dondermiddag (15:00 - 16:00).
Wedstryd: 10 Februarie te Moot Jukskei om 11:30 (h/v 18de Laan Haarhoffstraat, Rietfontein)

**ATLETIEK- ICO-BYEENKOMS EN OEFENINGE:** Die ICO-atletiekbyeenkoms vind op **Saterdag, 17 Februarie** te Hoërskool Oos-Moot plaas. Johannes Calvyn bied die byeenkoms aan.

**Oefentye:**

| | | |
|---|---|---|
| 13:00 - 13:30 | Gr 1 en gr 2 | almal oefen saam |
| 13:30 - 14:00 | Gr 4 en gr 5 | hoogspring/gewigstoot |
| | Gr 3, gr 6 en gr 7 | fiskheid, naellope, hardlooptegniek |
| 14:00 - 14:30 | Gr 4 en gr 5 | fiksheid, naellope, hardlooptegniek |
| | Gr 6 en gr 7 | hoogspring/gewigstoot |
| 13:30 - 14:30 | Gr 6 en gr 7 | spiesgooi saam met die hoërskool |
| 15:30 - 16:30 | Gr 4 en gr 7 | verspring by die hoërskool |

**VERKOPING:** Verkoping ten bate van gr 7-afskeid (ouerkomitee)

**INTERNE REDENAARS:** Maandag, 5 Februarie - 18:00. Die redenaars het 'n skrywe ontvang.

**TOETSREEKS BEGIN:**

| | | |
|---|---|---|
| | Gr 7 | Vrydag, 9 Februarie |
| | Gr 4 | Maandag, 13 Februarie |

Die leerlinge het toetsrooster ontvang en dit is beskikbaar op die webtuiste.

**GR 3 TOT GR 6 INTERNE WISKUNDE-OLIMPIADE:** Donderdag, 15 Februarie 2024.

**GR 5 - DOPPIES:** Onthou asseblief om steeds doppies en broodknippies skool toe te stuur.





# Hoërskool



## Gebeure & Reëlings

**KULTUUR:** 'n Kykie op die kultuur in Februarie.

Ons spring weg met die ATKV-slypskool vir hoërskoolleerlinge op Saterdag, 3 Februarie. Nege leerlinge woon die slypskool by waar hulle interaktief leer om 'n goeie toespraak te skryf. Dit is voorwaar 'n belegging in 'n blink toekoms. So maak ons gereed om deel te neem aan die ATKV-redenaarskompetisie in April. Twee onderwysers woon Saterdag die beoordelaarskursus by.

Die musiekblyspel "Sound of Music", is ons eerste van vier teaterbe-soeke hierdie jaar. Ons kan nie wag om die Von Trapp's beter te leer ken nie!

Hoërskool-Dirkies, skud solank julle vere reg vir die Afrikaanse Olimpiade! Seniors, ons wag vir julle inskrywings - dit moet op 13 Februarie in wees! Die Junior Olimpiade vind eers later in die jaar plaas.

Intussen moet ons die spanne wat aan die Rapportryers se Bybelvasvra 2024 gaan deelneem, finaliseer.

Die graad 8- tot graad 10-leerlinge kan in spanne van vier-vier deelneem. Die vasvra handel oor Rut 1 - 4, Lukas 1 - 10 (H.3:23 - 38 uitgesluit) en Kolossense 1 - 4. Kontak mevv Isabel Vogel, Lientjie Drijfhout of mnr Wiku van Rooyen as jy wil inskryf.

**ATLETIEK - MARAGON:** Die byeenkoms vind op Vrydag, 9 Februarie plaas.

**TOETSREEKS:** Die toetsreeks begin op Donderdag, 15 Februarie. Die leerlinge het die toetsrooster ontvang en dit is ook op die webtuiste beskikbaar.

**Indien 'n leerling vir 'n toets afwesig is, moet hy / sy 'n doktersbrief as bewys indien om die toets later te skryf.**





# ADVERTENSIES









## “Snapscan”-Kodes

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-

SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die “snapscan”-kodes of een van die volgende:

- EFT
- D6-toep
- kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-

BOUFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u ‘n GSDP-ouer of -ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks ‘n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie ‘n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na “Get a MySchool card now”. Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

Ons versoek dat u asseblief u kasregisterstrokies in die houer, wat gemerk is "Dirk Postma" gooi. Die skool in die Moot met die MEESTE kasre-gisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

**GSDP het R 16 000,00 ontvang vir al die strokies wat in 2023 in die houer geplaas is.**

**Baie dankie vir u ondersteuning! Ons waardeer dit opreg!**

### GSDP Glas-projek




Ondersteun asseblief ons glas-projek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas. Ons vra u ondersteuning, sodat ons saam kan probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.